

## 23. Vertrek na Jerusalem

**Lukas 17: 11 tot Lukas 18: 14;  
Mattheus 19: 2 tot Mattheus 20: 34 en  
Lukas 19: 1 - 27**

### **Die Here eis gehoorsaamheid**

Ware geloof is om gehoorsaam aan die Here te wees. Ons moet doen wat God in en deur sy Woord van ons eis. Hierdie hoofstuk fokus op die volgende hoofgedagtes:

- Die kinders van die Here ken hul sondes en bely dit. Ons moet saam met die engele bly wees oor sondaars wat hulle tot God bekeer.
- Gelowiges moet hul kruis opneem en Hom volg.
- Jesus Christus open die oë van sy kinders.

### **Gelykenis van die onregverdige regter**

Die Here sê aan sy dissipels dat hulle voortdurend tot hul Vader wat in die hemel is, moet bly bid. In besonder sal die gelowiges sonder ophou in die moeilike tye voor die wederkoms moet bly bid vir sy koms.

Om dit te verduidelik, vertel Jesus aan hulle 'n gelykenis: Daar was 'n regter in die stad wat God nie gevrees en ook geen ontsag vir enige mens gehad het nie. In die stad was ook 'n weduwee wat kort-kort na hom gekom het en vir hom gevra het om haar te help in haar regsak teen 'n ander persoon. 'n Tyd lank wou die regter nie na haar luister nie, maar naderhand het hy gedink dat sy hom baie moeite besorg en dit dalk beter sal wees om maar na haar saak te luister. Al het hy vir niemand ontsag nie, selfs nie vir God nie, sal hy haar nogtans help, anders kom sy dalk eendag en slaan hom in die gesig.

Hoor wat sê die onregverdige regter, sê Jesus. God sal net soos die onregverdige regter luister na sy kinders wat dag en nag tot Hom bid. Anders as die onregverdige regter is Hy egter ook nog geduldig en regverdig. Daarom kan en moet ons gedurig tot Hom bid.<sup>186</sup>

---

<sup>186</sup> Ef. 6: 18 terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges

## **Gelykenis van die Fariseër en die tollenaar**

In die vorige gelykenis het Jesus daarop gewys dat gelowiges gedurigdeur moet aanhou bid. Die Fariseërs volhard wel in gebed, maar hulle is nie opreg as hulle bid nie. Deur die gelykenis van die Fariseër en die tollenaar wys Jesus hulle daarop om gehoorsaam en nederig te bid.

Twee manne het na die tempel gegaan om te bid, die een 'n Fariseër en die ander 'n tollenaar. Die Fariseër gaan staan waar almal hom kan sien en hoor. Hy dank God dat hy nie soos die ander mense is nie - rowers, onregverdiges, egbrekers of 'n tollenaar. Hy vas twee keer in die week en gee tiendes van alles wat hy kry.

Die tollenaar het ver weg gaan staan en wou selfs nie opkyk na die hemel nie, maar hy slaan op sy bors en sê: "O God, wees my, sondaar, genadig!" Die Here verduidelik aan die skare dat nie die Fariseër nie, maar die tollenaar regverdig huis toe gegaan het. Die Fariseër dink hy is beter as ander en noem al sy goeie dade op, sonder om sy eie sonde raak te sien. Die slegte eienskappe van die tollenaar sien hy egter goed raak. Die tollenaar daarteenoor ken sy eie sondes en swakhede goed en bely dit voor die Here. Daarom vergewe die Here sy sondes.

## **Genesing van die tien melaatses**

Jesus gaan van Efraim af in 'n noordelike rigting deur Samaria tot aan die grens van Galilea. Daar kom tien melaatse mans, wat buite die dorp bly, na Hom aangestap. Volgens die voorskrif van die wet bly hulle op 'n afstand staan en vra vir Jesus om Hom oor hulle te ontferm. Jesus stuur hulle weg met die opdrag om hulle aan die priester te gaan wys. Die priester moet vasstel of hulle nog melaats is of werklik gesond geword het. Terwyl hulle na die priester loop, kom hulle agter dat hulle gesond is. Net die Samaritaan, draai om, om vir die Here te gaan dankie sê en Hom te verheerlik.

Jesus vra aan hom waar die ander nege is want Hy het tog tien gesond gemaak en nie net een nie. Verstaan die ander nege dan nie dat hulle deur God genees is nie? Dit is weer die Samaritaan wat die goeie voorbeeld stel. Jesus sê vir hom dat hy maar kan gaan; sy geloof het hom gered. Uit sy dankbaarheid kan die Samaritaan se geloof gesien word; geloof sonder dankbaarheid is nie moontlik nie.<sup>187</sup>

---

187 Heb. 12: 28 Daarom, omdat ons 'n onwankelbare koninkryk ontvang, laat ons dankbaar wees, en so God welbehaaglik dien met eerbied en vrees.

## Die vraag oor die skeibrief

Vir die laaste keer reis die Here met sy dissipels na Jerusalem om die Paasfees te gaan vier, hierdie keer openlik saam met die ander feesgangers. Die groot groep mense wat saam met Hom reis, is geesdriftig. In hulle harte leef die verwagting dat Jesus miskien nou sy koningskap sal uitroep en Israel gaan verlos van die gehate Romeine. Daar is ook Fariseërs onder hulle. Hulle soek nog steeds 'n geleentheid om Hom met strikvrage in 'n hoek te dryf. Daarom vra een van hulle Hom of 'n man om een of ander rede van sy vrou mag skei.

Jesus antwoord hom dat God met die skepping die mens as man en vrou gemaak het. Verder het God bepaal dat hulle hul ouerhuis moet verlaat om in 'n innig verhouding (verbond) met mekaar te leef. Hulle sal een word.<sup>188</sup> Hierdie eenheid wat God daargestel het, mag die mens nie skei nie.<sup>189</sup> God wil dus nie hê dat hulle skei nie. Daarom is dit verkeerd om te stry oor die redes waarom 'n mens mag skei, want wie daarvoor stry, erken nie God se bedoeling met die huwelik nie.

Hulle is nie heeltemal tevrede met Jesus se antwoord nie en wil daarom by Hom weet waarom Moses dan mans toegelaat het om van hulle vroue te skei. Hierop antwoord Jesus dat Moses hulle toegelaat het om te skei omdat hulle so hardkoppig was, maar dat dit nie God se oorspronklike bedoeling was dat 'n man van sy vrou skei nie.

Om die saak nog verder te verduidelik, sê Jesus dat enige man wat van sy vrou skei en met 'n ander vrou trou, egbreuk pleeg. En as 'n persoon met 'n geskeide vrou trou, pleeg hy ook egbreuk. Dit beteken dat hulle met die tweede huwelik die sonde van egbreuk teen die eerste huwelik begaan en so die eerste huwelik verbreek. Dit is die geval by egskeiding vir "allerlei oorsake", maar nie in die geval waar huweliksontrou plaasgevind het nie. As die een party die ander persoon bedrieg het deur met 'n ander persoon seksuele omgang te hê, het daar reeds egbreuk plaasgevind en vind daar nie meer egbreuk by die tweede huwelik plaas nie.

---

188 Gen. 2: 24                      Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees.

189 1 Kor. 7: 10 en 11            En aan die getroudes beveel ek - nie ek nie, maar die Here - dat die vrou nie van die man moet skei nie; en as sy tog van hom skei, moet sy ongetroud bly, of haar met haar man versoen; en dat die man sy vrou nie moet verstoot nie.

## **Jesus seën die kindertjies**

Na die gesprek oor die egskeiding en die hoë eise van die huwelik, gebeur daar iets waardeur die seën en geluk van die huwelik duidelik na vore tree. Party moeders bring hulle kindertjies na Jesus en vra Hom om hulle te seën. Die dissipels dink die moeders is lastig, want Jesus is te besig met ernstige dinge en het nie tyd om aan die kinders te bestee nie. In elk geval glo hulle dat vroue en kinders nie daar hoort nie en daarom belet die dissipels die moeders om met hulle kindertjies naby Jesus te kom.

Toe Jesus sien wat gebeur, spreek hy die bekende en baie belangrike woorde uit: “Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die koninkryk van God.”

Met hierdie woorde nooi Jesus die moeders en hulle kindertjies na Hom toe. Hulle het ook 'n plek in sy koninkryk en daarom maak Hy vir hulle tyd. Hy tel die kindertjies op in sy arms, omhels hulle en seën hulle. Dan wys Hy sy dissipels nog 'n keer op die voorbeeld van die kind: Slegs hulle wat die koninkryk van God soos 'n kind ontvang, sal gered word. Deur hierdie optrede gee Jesus nuwe waarde aan moeders en hul kinders in die Christelike samelewing.

## **Die ryk jongman**

Nadat Jesus die kindertjies geseën het, verlaat Hy die huis waarin hulle was. 'n Jongman kom na Hom aangehardloop en val op sy knieë voor Hom neer. Beleefd vra hy vir Jesus, die “goeie Meester”, wat hy moet doen om die ewige lewe te beërwe. In sy hart wil hy seker wees dat hy die ewige lewe sal verkry omdat hy die wet getrou nakom. Hy dink dat hy een of ander prestasie moet lewer om die ewige lewe te verdien. Maar die voorskrifte van die skrifgeleerdes stel hom nie tevrede nie, daarom vra hy nou vir Jesus wat hy moet doen.

In sy antwoord wil Jesus eers van die jongman weet waarom hy Hom “goed” noem. Jesus wys daarop dat daar net een is wat goed is, naamlik God. Dit sou verkeerd wees om hieruit af te lei dat Jesus sê dat Hy self nie “goed” is nie, dit wil sê dat Hy self nie volmaak en sondeloos sou wees nie. Maar as die jongman Jesus so aanspreek, gebruik hy vir Jesus die naam wat net vir God gebruik mag word. Daarom wys Jesus hom daarop dat hy Hom 'n naam noem wat slegs God toekom.

Die Here sê vir hom dat hy die gebooie moet onderhou, naamlik; dat jy nie mag egbreek nie; jy mag nie doodslaan nie en jy mag nie steel nie; jy mag nie leuens vertel nie; jy mag niemand te kort doen nie, en eer jou vader en jou moeder. Die jongman antwoord dat hy dit alles al van sy jongdae ken en onderhou. Met liefde kyk Jesus hom aan, en sê vir hom dat hy net een ding kortkom: hy moet alles wat hy het gaan verkoop en die geld aan die armes gee, dan sal hy 'n skat in die hemel hê. Daarna moet hy sy kruis opneem en Jesus volg.

Die eis is te groot vir die jongman, want hy is baie ryk. Sy baie besittings was vir hom 'n afgod waarop hy vertrou het en waarvan hy nie kon afsien nie, daarom gaan hy hartseer weg. Toe sê Jesus vir sy dissipels dat dit makliker is vir 'n kameel om deur die oog van 'n naald te gaan as vir 'n ryk man wat op sy goed vertrou, om in die koninkryk van God in te gaan.<sup>190</sup> Verslae vra die dissipels toe wie dan gered kan word. Maar Jesus kyk hulle aan en antwoord dat dit wat vir mense onmoontlik is, by God moontlik is, want by God is alles moontlik.

## **Die gelykenis van die arbeiders in die wingerd**

Toe die jongman weg is, sê Petrus vir Jesus dat hulle alles verlaat het om Hom te volg. Jesus antwoord dat hulle wat Hom volg, in die nuwe lewe baie meer sal ontvang as wat hulle opgeoffer het. Hy voeg daarby dat baie wat eerste is, laaste sal wees en wat laaste is, eerste. Want die koninkryk van die hemel is soos 'n huisheer wat vroeg in die oggend werkers vir sy wingerd huur. Hy spreek met hulle af om teen 'n penning per dag te werk en stuur hulle in sy wingerd. Teen nege-uur gaan haal hy nog arbeiders op die mark wat nie werk het nie. Hy belowe hulle dat hy hulle sal betaal wat reg is. Hy huur weer om twaalfuur 'n groep arbeiders en om drie-uur en selfs weer om vyfuur die middag.

Die aand roep hy hulle om hulle loon te ontvang. Hy begin by die laastes wat net een uur gewerk het en betaal hulle elkeen 'n penning. Die ander dink toe dat hulle meer sou ontvang, maar hulle kry ook elkeen net 'n penning. Hulle kla daarvoor omdat die laastes net een uur gewerk het en nogtans dieselfde loon ontvang as hulle wat die hele dag in die hitte gewerk het. Die huisheer antwoord dat hy hulle 'n penning betaal het soos hy met hulle afgespreek

---

<sup>190</sup> 1 Tim. 6: 9 en 10 Maar die wat ryk wil word, val in versoeking en strikke en baie dwase en skadelike begeerlikhede wat die mense laat wegsink in verderf en ondergang. Want die geldgierigheid is 'n wortel van alle euwels; en omdat sommige dit begeer, het hulle afgedwaal van die geloof en hulleself met baie smarte deurboor.

het. Daarom moet hulle nie ontevrede wees nie. Hy kan tog met sy eie goed maak wat hy wil, daarom gee hy aan die laastes net soveel as aan die eerstes.

God (die huisheer) gee aan almal die ewige lewe (’n penning) as geskenk. Dit gaan nie daarvoor of iemand deur sy optrede die ewige lewe verdien nie en ook nie hoe lank die persoon al die Here dien nie. Maar dit gaan oor die Here wat dit uit genade aan ons skenk sonder dat ons dit verdien.<sup>191</sup> Daarom mag daar geen afguns of jaloesie wees nie. Jesus voeg daarby dat baie wat eerste is, laaste sal wees en wie laaste is, eerste, want baie is geroep, maar min uitverkies.

### **Die laaste lydensaankondiging**

Toe hulle naby Jerusalem kom, neem Jesus sy dissipels eenkant toe en vertel vir hulle dat Hy in Jerusalem deur die owerpriesters en skrifgeleerdes ter dood veroordeel sal word. Hulle sal Hom oorgee aan die heidene wat Hom sal spot, mishandel, op Hom spuug, Hom gésel en daarna kruisig. Hy sal sterf aan die kruis, maar op die derde dag sal Hy uit die dood opgewek word.

Die dissipels is verbaas om dit te hoor en verstaan glad nie wat Jesus bedoel nie. Ook die feit dat Hy uit die dood sal opstaan en daardeur die dood oorwin, begryp hulle nie. Hulle het nog altyd uitgesien na die dag wanneer Jesus die aardse koninkryk van Dawid weer sal oprig. Daarom sien hulle daarna uit om na Jerusalem te gaan waar hulle dink Hy as kloning aangestel gaan word. Nou hoor hulle van die kruis en daarvan begryp hulle niks. Dit maak hulle baie bang en benoud.

### **Die versoek van die seuns van Sebedeus**

Salomé, die moeder van Johannes en Jakobus, kom na die Here toe met ’n versoek. Sy buig nederig voor Hom en Hy vra vir haar wat dit is wat sy wil hê. Sy vra dat haar twee seuns in sy koninkryk een aan sy regter- en een aan sy linkerhand mag sit. Maar Jesus sê vir haar en haar seuns dat hulle nie weet wat hulle vra nie. Sal hulle die beker kan drink wat Hy gaan drink en gedoop word met die doop waarmee Hy gedoop word? Hulle verstaan egter nie wat Jesus bedoel nie en sê daarom vir Hom dat hulle dit wel kan doen.

---

191 Ef. 2: 8 en 9 Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie.

Jesus weet wat vir hulle voorlê. Hy weet dat Jakobus in Jerusalem met die swaard gedood sal word<sup>192</sup> en dat Johannes na Patmos verban sal word.<sup>193</sup> Hulle sal dus wel die beker van die Here drink en met sy doop gedoop word, maar hulle versoek kan nogtans nie toegestaan word nie. Dit berus by God om die plekke van eer te gee aan persone wat Hy dink dit verdien. In sy ewige raad staan hierdie toewysings vas.

Salomé en haar seuns aanvaar Jesus se antwoord, maar die ander dissipels is kwaad toe hulle hoor van Salomé se versoek. Hulle oordeel waarskynlik dat die ereplekke eerder aan ander van hulle toekom. Jesus roep hulle na Hom toe en sê vir hulle dat al is hulle daaraan gewoond dat die owerstes van die nasies oor hulle heers, hulle nie ook oor mekaar moet probeer baas speel nie. Maar elkeen wat groot wil word, moet bereid wees om die ander se dienaar te wees.<sup>194</sup> Net so het Hy nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en daardeur sy lewe te gee sodat baie gered kan word.

Hiermee lê Jesus een van die grondbeginsels van die koninkryk van God neer. Hierin is Jesus Christus vir ons die volmaakte voorbeeld. Deur sy lyding en sterwe aan die kruis betaal Hy, sodat baie mense wat in die sonde vasgevang is, daarvan verlos kan word. Eers later sou die dissipels hierdie woorde van Jesus mooi verstaan.

## Die twee blindes van Jerigo

Op pad na Jerusalem moet die Here deur Jerigo reis. In Jerigo sit twee blindes langs die pad. Een van hulle se naam is Bartimeüs, die seun van Timeüs. Toe hulle hoor dat dit Jesus is wat verbygaan, roep hulle hard dat Jesus, die Seun van Dawid, hulle genadig moet wees. Die mense rondom Jesus word kwaad en maak hulle stil. Hulle is nou haastig om in Jerusalem te kom en te sien wat Jesus gaan doen. Hulle verwag dat Hy iets groots gaan doen. Die twee manne laat hulle nie stil maak nie en roep al harder. Eindelik gaan staan die Here en vra vir hulle wat Hy vir hulle moet doen. Hulle vra dat die Here hulle oë moet open. Jesus kry hulle baie jammer, Hy raak hulle oë aan en dadelik kan hulle sien en volg Hom.

---

192 Hand. 12: 2 En hy het Jakobus, die broer van Johannes, met die swaard omgebring.

193 Op. 1: 9 Ek, Johannes, julle broer en deelgenoot in die verdrukking . . . , was op die eiland wat Patmos genoem word, ter wille van die woord van God en om die getuienis van Jesus Christus.

194 Heb. 6: 10 Want God is nie onregverdig om julle werk te vergeet nie en die liefde-arbeid wat julle betoon het vir sy Naam, omdat julle die heiliges gedien het en nog dien.

## Saggeus

In Jerigo is 'n ryk tollenaar met die naam Saggeus wat die Here graag wil sien. Saggeus is egter 'n kort man en daar is soveel mense dat hy nie naby Jesus kan kom om Hom te sien te kry nie. Hy hardloop toe vooruit en klim in 'n wilde vyboom, sodat hy die Here kan sien as Hy daar verbykom. Toe Jesus by die boom kom, kyk Hy op en sien hom. Hy sê vir Saggeus om gou af te klim want Hy moet vandag by hom tuisgaan. Hy klim toe gou uit die boom en neem die Here na sy huis toe.

In Jerigo het Saggeus nie 'n goeie naam nie. Die feit dat hy 'n tollenaar is, maak dat sy volksgenote hom verag en daarby ken hulle hom as 'n sondige man. Almal vind dit dus vreemd dat Jesus by so 'n man wil gaan bly en hulle praat hieroor onder mekaar. Saggeus self sê vir die Here dat hy die helfte van sy goed vir die armes sal gee; en as hy van iemand iets afgepers het, sal hy dit uit dankbaarheid vierdubbel aan hom teruggee.

Noudat hy in Jesus glo, is sy aardse besittings nie meer vir hom belangrik nie en sy hart gaan oop vir sy medemens. Aangedaan verklaar Jesus dat daar vandag redding vir hierdie huis gekom het, omdat sy hele gesin erfgename van die verbondsbeloftes is wat God aan Abraham gemaak het. Daarmee is die woorde van Jesus dat Hy moet ly en sterf vir die sondes van baie mense, bevestig.<sup>195</sup>

## Die gelykenis van die ponde

Toe die feesgangers Jerigo verlaat op die laaste lang skof van hulle reis, oorheers twee dinge hulle gedagtes: Hulle is baie naby Jerusalem en hulle verwag dat Jesus daar dadelik die koninkryk van God gaan oprig. In hierdie omstandighede maak Jesus vir sy volgelinge duidelik dat dit wat in Jerusalem gaan gebeur en die verskyning van die koninkryk van God wel met mekaar in verband staan, maar dat daar 'n lang tyd tussenin sal verloop wat 'n groot verantwoordelikheid op sy volgelinge plaas. Om dit duidelik te stel, vertel Jesus die gelykenis van die ponde.

'n Vername man het na 'n ver land gereis om vir homself 'n koningskap te ontvang. Hy gee toe aan tien van sy diensknegte elkeen 'n pond om mee handel te dryf terwyl hy weg is. Maar sy volksgenote het hom gehaat en 'n afvaardiging agter hom aangestuur om te sê dat hierdie man nie koning oor hulle moet wees nie. Hier verwys die Here natuurlik die Jode wat weier om Hom as Koning te erken.

---

<sup>195</sup> Matt. 18: 11 "Want die Seun van die mens het gekom om te red wat verlore is."



Toe die man terugkom nadat hy koning geword het, roep hy die diensknegte bymekaar om te hoor wat hulle met sy geld verdien het. Die eerste een sê dat hy tien ponde wins gemaak het. Die koning prys hom as 'n goeie dienskneg en omdat hy in die minste getrou was, gee hy hom gesag oor tien stede. So het die tweede een se pond vyf ponde by verdien en sy heer stel hom aan oor vyf stede. 'n Ander een kom sê toe dat hy die pond in 'n doek weggesit het, want hy was bang vir die koning omdat hy 'n man is wat wegneem wat hy nie uitgesit het nie en oes wat hy nie gesaai het nie.

Die koning sê vir hom dat hy 'n slegte dienskneg is en dat hy hom uit sy eie mond sal oordeel. Hy kon sy geld aan die wisselaars gegee het sodat hy by sy terugkoms dit met rente kon ingevorder het. Hy sê toe aan dié wat daar staan om die pond van hom weg te neem en dit te gee aan die een wat tien ponde het. Die omstanders maak beswaar want die man het alreeds tien ponde.

Deur hierdie gelykenis vertel Jesus aan sy dissipels wat met Hom gaan gebeur. Hy is die vername man waarna die gelykenis verwys. In Jerusalem sal Hy afskeid neem van sy volgelinge, sy diensknegte, en na 'n ver land reis om die koningskap te aanvaar. Dit geskied deur sy dood, opstanding en hemelvaart. Dan kom sy volksgenote, die Jode, teen Hom in opstand omdat hulle Hom nie as koning wil hê nie. Tog word die koningskap aan Hom gegee en aan die einde keer Hy terug. Dan sal Hy teen sy vyande optree en hulle vernietig. En wat sy diensknegte betref, aan hulle word 'n groot verantwoordelikheid gegee. Elkeen ontvang 'n pond waarmee hy moet woeker. Dit is die evangelie van die koninkryk, waarmee hulle wins moet behaal in belang van hulle Koning. Wanneer die Koning terugkeer, kom Hy rekenskap eis. Die getroues sal ryklik beloon en die ontroues gestraf word.

Hieruit moet die dissipels begryp dat die aankoms in Jerusalem nie die verskyning van die koninkryk sal beteken nie, maar die afskeid van Jesus om van hulle weg te gaan. Dan volg 'n tydperk waarin hulle aan hulself oorgelaat word om met die pond wat hulle ontvang het, te woeker. Aan die einde van die tyd sal Jesus weer as Koning en Regter in heerlijkheid verskyn om van hulle rekenskap te eis.

**Aanbevole leesstukke:**

BOOYENS, M.J. 2005. Laat my lammers wei. Pretoria: EFJS Drukkers 185 - 192 p.

DE GRAAF, S.G. 1935. Verbondsgeschiedenis: Schetsen voor de vertelling van de Bijbelse Geschiedenis. Het Nieuwe Testament deel II. Kampen: J.H.Kok 280 - 286 en 290 - 292 p.

GROENEWALD, E.P. 1968. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Nuwe Testament. Pretoria: DBU. 308 - 313 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU. 631 - 635 p.